

Cape Librarian
Kaapse Bibliotekaris

January/Januarie 1995 Vol. 39 No. 1

The Cape Librarian

Die Kaapse Bibliotekaris

Vol 39 no 1 January / Januarie 1995

Redaksie
Editorial staff

Redakteur
Editor

Grizéll Azar-Luxton

Subredakteur

Sub-editor

Janine Carstens

Grafiese Ontwerpers

Graphic Designers

Monica Wagner

Ian Nurock

Administrasie

Administration

Katinka Block

Elzet van Wyk

Tel (021) 410-2446

Faks / Fax (021) 419-7541

Adres / Address

Posbus 2108 / PO Box 2108

Kaapstad / Cape Town, 8000

Geïndekseer in / Indexed in Lisa

(Library and Information Science Abstracts)

© Biblioteekdiens

© Library Service

SA ISSN 0 008 5790

Reproduksie / Reproduction

Fotoplate (Pty) Ltd

P.O. Box 4503, Cape Town 8000

Drukker / Printer

CTP Book Printers (Pty) Ltd

P.O. Box 6060, Parow East 7501

features / artikels

SURVEY

WHAT OUR READERS WANT

Grizéll Azar-Luxton 9

DIE BIBLIOTEEKDIENS - 'N NUWE BEDELING

Frans van der Merwe 10

RECONSTRUCTION DEVELOPMENT AND LIBRARIES

André Steenkamp 14

PUBLIC LIBRARIES UPDATE

Stefan Wehmeyer 18

WES-KAAPLAND : 'N STATISTIESE PROFIEL VAN DIE GEBIED EN SY MENSE

Johan Swiegelaar 20

AKSIEPLANNE VIR 1995

Johan du Plessis 22

columns / rubrieke

SPOTLIGHT ON SN New beginnings

Dalena le Roux 17

BOOKS AND AUTHORS Literature networks 1995 Voorgeskrewe werke

24

YOUTH FOCUS Sanlam 1994 prize-winners

27

REVIEWS / RESENSIES

Books 28

Audio: Rhythms of Africa 34

Jacinth Dolby

BOOK ACCESSIONS / BOEKAAANWINSTE 36

ACROSS THE WORLD

IFLA Cuba '94 38

Jenni E Millward

Casis: a blend of fine constituents 41

Professor Peter Underwood

LIBRARY IN PROFILE Cape Town City Libraries 42

Rheina Epstein

UITSTALWENKE

De Aar se nar 44

Janine Carstens

HOW TO... Choosing a photocopier 45

Ilze Swart

LIBRARIES NEAR AND FAR South African Library 46

Arlene Fanarof

CALENDAR 49

news / nuus

Agenda 2 People 4 Libraries 4

Literary awards 6 Training 6 New publications 7

Miscellany 8

Redaksionele beleid


Die Kaapse Bibliotekaris is die huisblad van die Biblioteekdiens en verskyn elke maand, behalwe in Junie en November. Dit bevat artikels oor biblioteek- en inligtingwese, nuusberigte, resensies, aanwinstyde asook praktiese artikels oor uitstalwene en biblioteekadministrasie. Die redaksie behou hom die reg voor om, indien nodig, bydraes te redigeer, te verkort of te herskryf. Die publikasie van artikels wat nie in opdrag geskryf is nie, kan egter nie gewaarborg word nie. Die menings van mede-werkers is nie noodwendig dié van die Biblioteekdiens nie. Alle kopie vir 'n bepaalde uitgawe moet die redaksie twee maande vooruit bereik. Artikels, briewe en nuusberigte kan direk aan die redakteur gestuur word.

Editorial policy

The Cape Librarian is the house journal of the Library Service. It is published monthly, except in June and November. Articles in the field of library and information science, practical articles on displays and library administration, news items, reviews and accession lists are included. The editorial staff reserve the right to edit, shorten, or rewrite any copy should it be deemed necessary. We cannot guarantee that all copy supplied will be printed. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Library Service. Copy for a particular issue must reach the editor two months in advance. Articles, letters and news items should be submitted directly to the editor.

volgende uitgawe


- Internet
- The wonder of PALS
- Reik na die sterre!
- IBBY report back



page 32




page 44





page 35

< page 42



page 47



page 7

< page 30

We greet you in this first edition of a brand new year with what may well be considered a brand new magazine. Before embarking on this exercise in renewal, however, we decided to allow vox populi to guide us as regards the requirements of our readers and to ascertain whether the **Cape Librarian** is still serving its purpose. The results of this research appear elsewhere in this issue.

As a consequence thereof, a number of new features have made their appearance. Examples are *Libraries - near and far*, *How to...*, (which replaces *Library Administration*), *Across the world*, *Development* (previously *Literacy*) and *Special Services*. New publications will in future form part of the *News*.

Before we enlarge upon the content of this issue, however, it is perhaps fitting that we explain the *raison d'être* behind the new cover design. It is designed to underpin the theme **Information for All**, which remains the cornerstone of our commitment for the current year.

The graphic interpretation thereof presented a formidable challenge to our artists; a challenge which they readily accepted and the giant printers tray with its comprehensive variety of ornaments was the result. The filling of the tray was achieved by begging, borrowing or stealing miniature items from virtually every section in the service. The construction of the printers tray and conveyance thereof to the photographic studio proved to be a nerve-wracking task. The final product is, however, now before you, dear reader! Judge for yourself. A word of thanks to all those who assisted with the supply of the numerous items used in its design.

The new look of the Provincial Library Service, Western Cape is dealt with in some detail in this issue. We trust you will find the contents informative and pivotal in your efforts to achieve your objectives.

May libraries go from strength to strength in this new year of 1995!

Ons groet u met 'n splinternuwe jaar en 'n splinternuwe tydskrif. Ons het besluit synde daar aanmekaar van die 'nuwe' Suid Afrika gepraat word dat ons sekerlik tred moet hou met ontwikkelinge en derhalwe koppe bymekaar gesit.

Voordat ons ons op die terrein van vernuwing begewe het, het ons ons egter eers na die volk gewend om te hoor of die **Kaapse Bibliotekaris** in hul behoeftes voldoen en om voorstelle in te win. Die uitslag van ons navorsing word in hierdie uitgawe gepubliseer. Ons het, onder andere, 'n aantal nuwe rubrieke die lig laat sien soos *Biblioteke - ver en naby*, *Hoe maak mens...* (wat die ou *Biblioteekadministrasie* vervang), *Dwarsoor die wêreld*, *Ontwikkeling* (wat *Geletterdheid* vervang) en *Spesiale dienste*. Nuwe publikasies sal voortaan deel van die *Nuus* uitmaak.

Voordat ek oor vandeemaand se uitgawe uitwei, net so 'n ietsie oor ons nuwe voorblad. Ter ondersteuning van die tema, **Inligting vir almal**, wat steeds vanjaar ons leuse bly, moes die kunstenaars met 'n plan vorendag kom oor hoe om hierdie tema te illustreer en die uiteinde was 'n reuse drukraam wat hulle self gebou het. Daarna het ons deur die gebou gewandel en gebedel vir die talle miniature items om die raam te vul. Die aanmeakaarslaan was 'n reuse taak en die vervoer van hierdie drukraam na die fotograaf se ateljee 'n nagmerrie (die deurkosyne was bietjie smal, sien...). Maar nou ja, die finale produk lê voor u en aan al daardie kollegas wat so mildelik bygedra het 'n groot dankie.

Die nuwe gesig van die Provinsiale Biblioteekdiens, Wes-Kaap word hierdie maand volledig behandel tesame met 'n uiteensetting van die nuwe grense en hoe dit die diens in die toekoms sal raak. Ons vertrou dat u die inligting waardevol sal vind in u pogings om die uitdagings van die nuwe jaar suksesvol aan te pak.

Ons beste wense vir almal in die biblioteekwêreld in hierdie nuwe jaar!

Grizell Azar-Luoto

agenda

Nasionale simposium 1996

Tydens 'n strategiese beplanningseminaar vir senior personeel wat in Julie 1994 plaasgevind het en waarvan u elders in hierdie uitgawe meer kan lees, is besluit om 1996 as bemarkingsjaar te bevorder. Die bevordering van die gebruik van biblioteekmateriaal, asook van die diens van die openbare biblioteek in sy gemeenskap, sal spesiale aandag geniet.

Alhoewel biblioteekgebruik in die Wes-Kaap tans die hoogste in die land is - ongeveer 27% van die totale bevolking is aktiewe biblioteekgebruikers - is daar egter kommerwekkende agterstande. Die Provinsiale Biblioteekdiens van die Wes-Kaap beoog dus om spesiale aandag hieraan te skenk.

Die veldtog vir 1996 sal tydens 'n nasionale simposium in Maart 1996 in Kaapstad geloods word - teken dus hierdie datum vroegtydig in u kalender aan en doen die nodige begrotingsinsette by u plaaslike owerheid.

Die Biblioteekdiens verwelkom enige voorstelle vir programme en publikasies vir die bemarkingsveldtog. Skriftelike insette kan tot 31 Maart vanjaar by u streekbibliotekaris ingedien word.

Kuns en kultuur taakgroep

Mev Martha Olckers, Wes-Kaapse Minister van Onderwys en Kultuur, het besluit om 'n eie kuns- en kultuurbeleid vir die provinsie saam te stel.

'n Werkgroep vir Biblioteke, die Wes-Kaapse taakgroep vir Kuns en Kultuur (WESTAG) is gestig en sy eerste taak is om na die missie, doelstellings en funksies van openbare biblioteke te kyk. Insette deur lede van die gemeenskap, plaaslike owerhede, biblioteekkomitees, bibliotekarisse, sowel as enige ander moontlike rolspelers, word verwelkom en kan skriftelik ingedien word by die sameroeper van die Werkgroep vir Biblioteke, Mej Botha, om haar voor 5 Februarie by die volgende adres te bereik: Die Sameroeper, Werkgroep vir Biblioteke, Posbus 1935, KAAPSTAD, 8000. Faks (021) 23 3049.

Streekforums en biblioteekkomitees

Vir beide die openbare biblioteek sowel as die Provinsiale Biblioteekdiens is dit noodsaaklik dat wedersydse kommunikasie rakende plaaslike behoeftes, knelpunte sowel as probleemoplossing so



Kyk net die oulike poppekas wat Langebaanweg aanmekaar geslaan het



Kruie net waar mens kyk tydens Worcester se suksesvolle kruicaand



Bibliotekaris Sorette Dempers saam met haar lesertjies in die biblioteek op Robbeneiland



(l-r) Mrs Martha Olckers, Minister of Education and Cultural Affairs with Councillor Carl Cronjé (mayor of Bellville) and Marlene Nielsen, art selector at the Library Service, Western Cape during the opening of the exhibition, *Art from Southern Africa* in the Bellville Gallery of the library centre



Wellington Biblioteek se vindingryke manier van geldinsameling. Hier verkoop hulle ou klere vir biblioteekfondse op 'n 50-50 basis. Helfte van die inkomste gaan aan die eienaar en die ander helfte aan die biblioteek. Op hierdie manier het hulle al 'n TV-antenna en 'n yskas kon aankoop!



Nelia van Zyl, bibliotekaris van Kraaifontein Biblioteek (middel) by Amanda Stramrood, een van die eerste personelede wat in Januarie 1970 aangestel is (regs) en Pat Rossier wat al 17 jaar by die biblioteek werksaam is

vryelik, vinnig en effektief moontlik sal wees.

Addisioneel tot bestaande kommunikasiekanale, stel die Biblioteekdiens streekforums, gevorm deur die openbare bibliotekaris en streekbibliotekaris van 'n streek, in die vooruitsig. Hierdie forums sal op 'n gereelde en vaste grondslag bymekaarkom vir werksinkels en gesprekoering rondom plaaslike openbare biblioteekdiens en die aanspreek van die behoeftes van die gemeenskap wat die plaaslike openbare biblioteek bedien, sowel as alle ander sake van gemeenskaplike belang.

Terselfdertyd sal daar indringend gekyk moet word na 'n effektiewe stel van plaaslike openbare biblioteekforums of -komitees wat die behoeftes van die gemeenskap duidelik uitstel. Hiervoor is die grootste mate van gemeenskapsbetrokkenheid noodsaaklik.

Daar word beoog om die streekforums vir openbare biblioteke gedurende die week van 27 Februarie tot 3 Maart 1995 te loods tydens vergaderings in Milnerton, Worcester en Hartenbos. Op hierdie vergaderings sal daar, onder andere, in meer detail besin word oor die aard en inhoud van toekomstige vergaderings sowel as die vestiging van plaaslike komitees of forums.

Daar word met groot verwagting uitgesien na die nuwe uitdagings wat 1995 vir ons almal inhou.

mense

80 jaar en steeds aktief

Mev Tiekie van Staden wat reeds vir 27 jaar bibliotekaris op Riviersonderend is, het aan die einde van verlede jaar haar tagtigste verjaardag gevier. Nie dat haar ouderdom enigins saak maak nie want sy is nog net so ywerig en aktief soos altyd - soveel so dat sy onlangs 'n spe-



Tiekie van Staden

siale vermelding van die Provinsiale Administrasie ontvang het oor die netheid en orde-likheid in haar biblioteek. Sy lees self baie graag en kan haar 480 lede goed met raad en advies oor boeke bystaan.

U is voorwaar 'n goeie getuiskrif vir die beroep - dit wys

net dat as 'n mens se werk so lekker is, hou mens maar net aan. Baie geluk en ons beste wense gaan aan u in die nuwe jaar. RED

Postmasburg kry nuwe bibliotekaris

Op 1 Julie 1994 het Irene Kloppers as die nuwe bibliotekaris by Postmasburg Biblioteek begin werk. Sy vertel dat sy in die Vrystaat op Tweeling grootgeword het waarna sy op die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys haar B.Bibl.-graad behaal het.



(olnr) Retha de Jager, assistent, saam met Postmasburg se nuwe bibliotekaris, Irene Kloppers en Cara Pieterse, streekbibliotekaris van Kurumanstreek

Nadat sy daar in die universiteitsbiblioteek gewerk het, is sy na die Staatsbiblioteek in Pretoria waar sy bevoorreg was om met die eerste boek wat daar gerekenariseer is te werk, naamlik **Retrospektiewe nasionale bibliografie**. Haar twee seuns is nou onderskeidelik tien en ses jaar oud en Irene sê dat sy darem nog tyd kry om haar twee belangstellings, lees en met leer werk, na te volg.

Baie welkom en ons hoop u gaan dit baie geniet in Postmasburg. RED

Sticker saves the day

Like many young children, Ian Lusted, graphic designer, loved the sticker which was produced for the *Animal Antics* children's library campaign in 1992. In fact he loved it so much, seeing that he designed it, that he stuck it on his diving tank. The tank was in his sister's car when it was stolen in Table View. When the car was recovered in the Ciskei the tank was missing. A while later his sister was at the Newlands swimming pool in Cape Town and amongst the gear of the diving students she recognised a familiar sign - that

of the *Animal Antics* sticker. The police were alerted and Ian's tank was returned to him. So this story had a happy ending. And we are happy too, for Ian is again producing the artwork for this year's children's reading campaign.

biblioteke

Heerlike kruie-aand

Worcester Biblioteek het aan die einde van verlede jaar 'n heerlike kruie-aand aangebied wat deur talle mense bygewoon is. (Foto op bladsy 3)

Les Wileman van die Worcester Museum, 'n kenner op die gebied van inheemse kruie, het 'n interessante uitstalling met die tema, *Die gebruike van ons Karoo-plant in verloof dae*, opgestel. Hy het 'n baie insiggewende praatjie in verband met die gebruike van kruie gelewer en Mariana Rabie, eienaar van 'n kruie-kombuis, het kruieplantte te koop aangebied.

Die aand is afgesluit met 'n heerlike koppie kruie-tee en kruiebrood. Ai, dit klink alles so lekker gesond! RED

Cradock vereer

Op 18 Oktober 1994 is die Cradock Openbare Biblioteek met die toekening, *Kampioen Openbare Instelling vir 1994*, deur die Cradock Sakekamer vereer.

Hulpvaardigheid, vriendelikheid, suksesvolle bemerking van produkte en algemene netheid was van die uitstaande punte.

Dit is omtrent 'n prestasie. Ek dink ons moet in 1996 wanneer dit bemerkingsjaar is, by u kom kers opsteek! RED

Condoms disappear surreptitiously

AIDS day (1 December 1994) was supported by the staff in the **Somerset West** Library by putting out several baskets of condoms at strategic places in the library. Funny thing was - nobody ever saw anybody take one but every time they looked the baskets were emptier!..! *This is what I call discreet users.* ED

Olivian Society excels itself

Gillian Carter, librarian in **Knysna Public Library**, sent us a delightful report on the activities of the **Olivian Society** during 1994.

While 1994 will be remembered as a year of change in South Africa for the Olivians, life has proceeded in the pat-

Verjaardagvieringe

Kraaifontein. Op Saterdag 1 Oktober 1994 het Kraaifontein Openbare Biblioteek sy 25ste bestaansjaar gevier. 'n Paar leesgretige biblioteekgebruikers en personeellede het die vieringe met 'n sjampanje-ontbyt begin, waartydens Hoofbibliotekaris Nelia van Zyl 'n heildronk ingestel het. Die 25 jaar wat verstreke is, is heel gepas vergelyk met die inleidende paragraaf van Charles Dickens se verhaal, *A tale of two cities*, "...it was the best of times, it was the worst of times..."

Die groep is getraakteer op 'n toer na 'n Weskus volstruisplaas waarna die geselskap terug is na die bibliotek vir 'n heerlike roerbraai. Daar is omtrent lekker oor die ou dae gesels.

Die deur van die eerste biblioteekgebou van die Kraaifontein Openbare Biblioteek is op 1 Oktober 1969 vir die eerste keer vir die gemeenskap deur Beatrix Crous (toe enigste personeelid) oopgemaak. Die ou biblioteek-lokaal was 'n enkele opslaanvertrek van 83 vierkante meter en na ses maande was die ledetal 1 469 en die boeksirkulasie 3 762 per maand.

Op 21 Augustus 1983 is 'n pragtige nuwe biblioteek in gebruik geneem. Die gebou beslaan 690 vierkante meter en voldoen aan al die behoeftes van 'n moderne biblioteek. Tans is daar ses voltydse en vier deeltydse personeellede. Die ledetal is 8 500 en die boeksirkulasie is ongeveer 17 000 uitreikings per maand. (Foto op bladsy 3.)

Dit klink asof dit sommer 'n baie spesiale viering was. Baie geluk! RED

tern started 20 years ago when it was decided to create this lecture group as a library extension service. The aim was to provide the people of Knysna, so far from the centres of intellectual activity in South Africa, a chance to meet interesting personalities and learn about as wide a selection of topics as possible.

The year was started with Vice Air Marshall and Battle of Britain hero, Johnnie Johnstone who can still hold an audience enthralled with his retelling of the events of 50 years ago. Dr Mike Raath of the Port Elizabeth Museum gave a brilliant talk on dinosaurs which made the Hollywood extravaganza **Jurassic Park** an animated visual aid to the information he had presented so clearly.

To commemorate the *Year of the Family*, Pastor James van Heerden gave some important insights on modern mores in the talk - *The post marriage society - myth or reality?* From the humanities, they did a complete turn about for the next talk on physics, a wonderfully illustrated *The ambidextrous universe*, by Dr Tony Eagle. Other talks were *Shipwrecks of the Eastern Cape coastline*, *Naval protocol and traditions, the Greening of urban areas* and *George Rex: the true story*.

Sally Witbooi of the University of the Western Cape spoke on *The neoliterate reader - problem or challenge* and the meeting resulted in the creation of a Literacy Forum.

The year was ended with Paddy O'Byrne, the voice. What more could anyone ask of a society than that its pro-

gramme should contain so much variety and interest for its members?

Was I a library member in Knysna I would certainly feel privileged for the obvious effort that went into putting together such a lively and interesting programme. ED

Laingville ingewy

Op 10 November 1994 is die **Laingville** Openbare Biblioteek amptelik ingewy. Nadia Samaai is aan die roer van sake en sy word deur Elaine Swart bygestaan.

Die Biblioteekdiens Wes-Kaap, is verteenwoordig deur Johan Swiegelaar, assistentdirekteur, Wes-Kaap en sy eggenote, Berdine, Hoofbibliotekaris Jea-

Inwyding van portaal

Idasvallei Biblioteek spog met 'n nuwe ingangsportaal wat amptelik op 19 Oktober 1994 deur die Burgemeester, mnr JAM van Schoor, tydens 'n oggendtee geopen is.

Ongeveer 50 gaste waaronder verskeie persone vroeër gemeoed met die biblioteek, soos mev M Haricombe en mnr B Adams het die opening bygewoon.

Mnr LW Cloete, skoolhoof van Idasvallei Primêr, was die seremonie-meester en het gepraat oor die vroeë geskiedenis en totstandkoming van die biblioteek.

Die ingangsportaal is amptelik in gebruik geneem na die knip van die seremoniële lint.

nette Vosloo en haar assistent, Colleen Williams, Stefan Wehmeyer, hoofbibliotekaris Inligting, Streekbibliotekaris Hedwig Strijdom en Raymond Jones, drywer.

Onder die gaste was heelwat lede van die Oorgangsraad van Vredenburg/Saldanha asook gewese raadslede. Mnr W Mouton, burgemeester, het die wens uitgespreek dat die inwoners van Laingville die biblioteek ten volle sal benut. Ds P Petersen, dominee en digter van Vredenburg en voorheen van St Helena-baai, het kopieë van sy boeke aan die biblioteek oorhandig.

Klein maar bedrywig

Van **Kathuse** wêreld waar die biblioteek 'n skamele 30 vierkante meter beslaan en met 'n piepklein personeel funksioneer, kom daar die nuus dat hulle 'n baie bedrywige eksamentyd agter die blad het. Met al die navrae oor onderwerpe soos sywurms, Indiane, fabels van Aesopus, seevaarders, roofvoëls en bedreigde diere het hulle naderhand self soos 'n bedreigde spesie gevoel!

Die kleuterskool se kinders en personeel kom besoek hulle een keer per week om te leer hoe om boeke te hanteer en te verduidelik hoe die biblioteek werk. Stories word gereeld voorgelees en die standaard een's besoek ook die biblioteek gereeld. 'n Lewendige leeskring het onlangs **To kill a Mockingbird** van Harper Lee bespreek en die lente-uitstalling het groot byval gevind.

Daar is ondertussen met hartseer van Mev Fraser afskeid geneem wat weer gaan skoolhou.



Groot opwindning met die knip van die lint deur Raadslid JAM van Schoor (burgemeester). By hom staan (olnr) mnr L Cloete en mej C Adonis

Lohattha kry nuwe biblioteek

Op 24 Augustus 1994 kon die bibliotekaris van omliggende dorpe, die hoofbibliotekaris, Dick Scholtz en

Vrolike boekwurms...

Die bibliotekaris van Welgeleë Biblioteek in Olifantshoek, Georgina Visser, het besluit dat die kinders van haar dorpie darem so 'n bietjie nader moet kennis maak met boeke. 'n Leeskring vir laerskoolkinders, wat goed ondersteun word, is gestig en die kinders het die naam, *Vrolike boekwurms* gekies.

...en Lettervreters

Op Kuruman hou Mariana Venter die leisels. Sy se dat die *Lettervreters* (ook hierdie naam is deur die kinders self uitgedink) 'n ywerige groepie lesertjies is wie se ouderdomme wissel van nege tot elf jaar. Die nege- en tienjariges verkies om boeke wat hulle gelees het aan hul maats oor te vertel. Die elfjariges kies weer 'n boek wat dan tydens die byeenkoms bespreek word. Beide groepe se leesvrug word op 'n lys aangeteken wat nader getrek word as die bekende woorde "Tannie, wat se boek kan ek lees?" gehoor word.



(vlnr) Brig Dippenaar, Mev Roelofse, bibliotekaris, Mej Pieterse, streekbibliotekaris, Kuruman en Lt. Kol Van Zyl tydens die inwyding

streekbibliotekaris van Vryburg deel in die vreugde van Leërgevegskool Lohattha. As deel van 'n groot ontspanningskompleks wat eiehandig deur die lede van die eenheid gebou is, is die nuwe naslaanbiblioteek op daardie dag amptelik met 'n oggendtee ingewy.

Gaan soek maar vir Lohattha sowat 30 kilometer reg noord van Postmasburg op pad na Kathu. Hierdie biblioteek bedien weermagiede in 'n radius van ongeveer 300 kilometer. Hulle ontvang selfs navrae uit Bloemfontein. Die Provinsiale Biblioteekdiens voorsien in die ontspanningsbehoefes van die lede van die eenheid en hul gesinne en daar word tot Portugese leesstof gebruik. Realistiese landskap-kunsafdrukke is ook baie gewild.

Bibliotekaris Yvonne Roelofse en haar regterhand, Susan de Wee word ondersteun deur 'n bibliotekkomitee met Kolonel van Zyl aan die spits.

NUWE BIBLIOTEEK

Bibliotekaris Amanda Jeppe by die toonbank besig met twee lesertjies in die nuwe Ulco Biblioteek




Cape Libr., January 1995

Kuier saam in die biblioteek se teetuin

Marizaan van Biek, bibliotekaris van Langebaanweg Biblioteek, het dames van die Sentrale Vliegskool uitgenooi na hulle biblioteek se teetuin waarna hulle hul gunsteling gebak moes saambring. Al die ander gaste kon toe daaraan proe. Elkeen is ook gevra om 'n resep te bring vir die samestelling van 'n plaaslike resepteboek.

Dit klink mos vir my na 'n baie oulike idee om 'n ou geldjie bymekaar te maak. RED




28 stories deur 26 verskillende skrywers. Die boekie is geborg deur Sanlam, wat 6 000 eksemplare daarvan aan READ geskenk het om landwyd by biblioteke en skole te versprei.
Die Burger

opleiding

Dagseminaar in Vryburg

Op 27 September 1994 is vir oulaas onder die ou bedeling van die Biblioteekdiens 'n dagseminaar vir alle bibliotekarisse in die Vryburgstreek gehou.

Nadat die oggend, onder andere, aandag gegee is aan die inligtingsbehoefes van ontwikkelende gemeenskappe en die byeenbring van gemeenskapsinligting, is daar die middag heerlik ontspan (of was dit nou ingespan) met die maak van plakkaats en kennisgewings. Die seminaargangers het ook genoeg tyd gehad om lekker te kon gesels tydens die verskeie besprekingsgeleenthede. Die pad van biblioteke vorentoe is ten slotte bekyk.



St Helenabaai se jongspan het groot pret met die inkleurvolle tydens Biblioteekweek (foto laat ontvang)




In ligter luim tydens die Biblioteekadviesraadsvergadering. Hier gesels (vlnr) mev M Pieterse, Opnembare Biblioteekaangelyentheids, skoolbiblioteke en kinderdienste, mnr PJ Loubser, voorsitter en mej Denise Harris, hoofbibliotekaris, Verkruging

new publications

We present you with a bag of goodies as a start to the new year. Certain items have already been despatched to libraries towards the end of last year such as the RDP poster and the SA Today banner. Here both the poster and banner have been used in a display in the social library at head office together with relevant books on the topic of reconstruction and development in South Africa

Sanlam is maintaining a high profile in our library service with their very kind donation of their bookmarks which have also already been despatched. The bookmarks contain up to date information of all our new parliamentarians and are extremely useful as a quick reference tool

Another very exciting publication from Sanlam is the colourful publication, a copy of which is inserted in your magazine, of *Nkosi sikelel' iAfrika* in the three official languages of the Western Cape as well as *The call of South Africa* in English and Afrikaans. This card can be posted on notice boards in the library for easy reference



Vir oulaas saam in die Oos-Kaap

Agter: (vlnr) Johan Swiegeelaar, assistentdirekteur, Streekorganisasie Wes-Kaap; Linda Olivier, hoofbiblioteekassistent, Grahamstad; Johan du Plessis, assistentdirekteur, Streekorganisasie, Platteland
Voor: (vlnr) Tania Blom, streekbibliotekaris (Graaff-Reinet); Elza du Preez, streekbibliotekaris (Aliwal-Noord); Jolette Els, streekbibliotekaris (Uitenhage)

Middel: (vlnr) Lungile Ntsodo, streekbibliotekaris (Grahamstad); Fiona Still, streekbibliotekaris (Oos-Londen) en Direkteur Frans van der Merwe, Provinsiale Biblioteekdiens, Wes-Kaap



Dagseminaar by Springbok



Agter:(vnr) M Marais (Koingnaas), D Engelbrecht (Kleinzee), A Nel (Alexanderbaai), C Geustyn (Alexanderbaai), D de Villiers (Garies), H Damon (Kleinzee), S Victor (Springbok), J Beukes (Springbok) en H Terblanche, (Koingnaas)
Voor: (vnr) M van Wyk (Moberg), E Goosen (Nababeep), B Kriel, streekbibliotekaris (Vanrhynsdorp), C Huisamen (onder-burgemeester), L van Zyl, hoofbibliotekaris (Sentraal-Kaap) en A van Zyl (Kamieskroon)

Noord-Kaapspan vergader

Die Noord-Kaapse streekbibliotekaris het aan die einde van verlede jaar in Upington bymekaargekom vir die tweede streekkonferensie van die jaar en 'n beplanningseminaar vir 1995.

Die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram en die demografiese profiel van die Noord-Kaap was van die besprekingspunte. Die dag se verrigtinge is afgesluit met 'n evaluering van die aksieplanne vir 1994 en 'n indringende bespreking van Noord-Kaap se prioriteite vir 1995.

Die vorige aand, nog voor daar met die amptelike werksaamhede begin is, is almal met tipiese Upingtonse gasvryheid deur die Munisipaliteit op 'n heerlike braaivleis by die museum onthaal. By hierdie geleentheid het die direkteur, Frans van der Merwe, dan ook amptelik afskeid geneem van die Noord-Kaap vakkundiges en sy dank uitgespreek vir die lang en heerlike pad wat hy saam met al die personeel in die Noord-Kaap geloop het.

'n Belangrike aspek wat uitgelig is, is die feit dat daar vorentoe baie harder gewerk sal moet word aan die beeld van die Biblioteekdiens ten einde 'n voortbestaan vir die diens asook voldoende fondse te verseker! (Foto op bladsy 20.)
Onthou, al het die streekgrense verander, bly die diens wat deur bibliotekarisse gelewer word, nog net dieselfde en dus weet ons dat dit sal goed gaan daar in die Noord- en Oos-Kaap. Ons sal nog altyd baie graag van aktiwiteite en ontwikkelings hoor. RED

allerlei

CPALS-nuus

Mr J Marais van die Departement van Onderwys en Kultuur, stuur na aanleiding van die berig op bladsy 6 in die Augustus-uitgawe van die **Kaapse Bibliotekaris** meer volledige inligting oor die herwinning van rekords by die Kaaplandse Onderwysbiblioteekdiens. 'n SYS-soektog, LIB EOB en/of LIB ESK en/of LIB ESL.

LIB EOB: is die voorraad van die Onderwysbiblioteek: materiaal is beskikbaar op IBL.

LIB EKS: dui op goedgekeurde materiaal reeds in die Modelskoolbiblioteek wat ook in vorige uitgawes van **Boekeur/Selected Books** verskyn het.

LIB ESL: dui op materiaal wat nog gesenseer en moontlik in die Modelskoolbiblioteek opgeneem gaan word. Indien wel, sal hierdie materiaal ook in die volgende uitgawe van **Boekeur/Selected Books** verskyn.

Verwarring oor rusdae

Verwarring oor openbare vakansiedae vir 1995 is beëindig met die publikasie van die Wet op Openbare Vakansiedae in die Staatskoerant.

Die wet maak voorsiening vir die volgende vakansiedae met ingang 1995:

- 1 Januarie - Nuwejaarsdag
- 21 Maart - Menseregterdag
- 14 April - Goeie Vrydag
- 17 April - Gesinsdag
- 27 April - Vryheidsdag
- 1 Mei - Werkersdag
- 16 Junie - Jeugdag
- 9 Augustus - Nasionale Vrouedag
- 24 September - Erfenisdag
- 16 Desember - Versoeningsdag
- 25 Desember - Kersdag
- 26 Desember - Welwillendheidsdag

Die Wet bepaal ook dat indien 'n openbare vakansiedag op 'n Sondag val, die daaropvolgende Maandag 'n openbare vakansiedag is.

Die Burger

'n Glips

Ons verskoning vir die verkeerde plasing van die foto van die Vryburgse seminarie in die inhoudsopgawe van die November/Desember 1994 uitgawe. Die foto moes by die byskrif op bladsy 6 verskyn het.

Survey

What our readers want

Grizéll Azar-Luxton

Putting together a magazine like the **Cape Librarian** entails a great deal of planning, creative thought, insight into the needs of our readers, endless drudgery and a slight touch of madness. It is the opinion of a number of our colleagues based on the condition of the desks of the editorial staff that the possibility of anything of value emerging from the hundreds of little notes, pieces of paper, leaflets, brochures, booklets, nuisance mail, letters, photographs and suggested artwork, is slim indeed. We remain determined, however, to produce a technically good and also a readable magazine. In an effort to determine whether we are on the right track we circulated a questionnaire to all the public libraries in the Cape Province towards the latter part of 1994.

Of the 517 questionnaires which were sent out, 187 responses were received. According to the experts, this response of 36 percent is very good, taking into consideration that the average response for mailed questionnaires is usually not more than 20 percent. Veronica Adams, librarian in the Research Department analysed the returns for us and we publish the results exactly as we received them with some added comment.

Who responded?

Of the 187 respondents 172 were female and 15 males. Public librarians totalled 155, 22 were provincial library staff members, eight were other librarians and two others.

Regularity

On the question of how often the magazine should be published 66.30 percent felt that it should appear monthly whilst 27.72 percent were in favour of it appearing every two months and 5.98 indicated their preference for a quarterly magazine.

What is read?

Respondents were asked to indicate what articles and columns are read

always, occasionally or not at all. Columns always read and therefore, the most popular were the *news with libraries, literary awards and people in the 80-90 percent bracket*. Also in this bracket are *new publications, the market place, passing my desk and calendar*.

The next most popular were *displays, news (postbag), books and authors, our profession, children's focus, news (training), feature news (miscellany), book reviews, library profile, training and accessions* which fell in the 60-70 percent category.

In the 50-60 percent category were the *administration, literacy, agenda, editorial and debate columns*.

Spotlight on SN has a readership of between 40 and 50 percent with *computerisation, art, video and audio reviews*, falling in the 30-40 percent bracket.

Ylawulo and uqeqesho were in the 0-5 percent category.

This corresponds with suggestions for articles received, namely that librarians would like to see more practical articles.

Audio-visual and art reviews

In a question on the regularity of audio-visual and art reviews between 20-30 percent of respondents wanted *audio-visual and art reviews* in every alternate issue, while only 18.62 percent wanted to read them in every issue.

On the question whether readers were satisfied with the content in general, 98.37 percent of respondents thought the magazine was balanced, while 80.65 percent thought the summaries in other languages were useful.

Language preference

On a scale of 1-10 most respondents chose a mixed language policy (6.27 points) over Afrikaans only (3.04 points), English only (2.46 points) and Xhosa only (0.45 points).

At least 30 percent of respondents misunderstood the directions given for this question, either marking each language group on a scale of 1-10, or marking all four preferences on one scale of 1-10.

Promotional material

The top five preferences for promotional material were:	
Carrier bags	90,96 percent
T-shirts (especially medium and large)	81,91 percent
Stickers (especially large)	71,81 percent
Posters	54,26 percent
Bookmarks	52,66 percent

Licence discs (45.74 percent) and kites (44.15 percent) were the next most popular items.

66.26 percent of respondents preferred a larger quantity of promotional items of lesser quality while only 39.74 percent preferred a smaller quantity with better quality. At least 25 percent of respondents neglected to answer the question about quantity versus quality.

Monthly theme

It has been practice to plan each issue according to a theme but 76.3 percent of the respondents were not in favour of a monthly theme. It has, however, been decided by management that, for practical purposes, planning should at least loosely be based on a theme.

General

It is not possible to publish all the suggestions which were received with regard to the preference for columns and subjects for 1995. Suffice to say that we have ensured that as far as is possible, those have been included in the planning for 1995.

The road ahead

The magazine will continue to be published on a monthly basis with the language mix 50-50 English/Afrikaans. The format of the *news* will remain more or less the same with emphasis on the preferences indicated. New columns have been introduced, such as *across the world, libraries near and far, development and how to...*

The audio, art and audio-visual reviews will alternate on a three month cycle.

Larger quantities of promotion items of a lesser quality will be produced - this does not imply that material of inferior quality will be produced.

Now that all is said and done we can honestly say that it was, in our opinion, a very worthwhile exercise and our thanks go to all our readers who found the time to complete the questionnaires.

Die Biblioteekdiens 'n Nuwe bedeling

artikel

Frans van der Merwe

Direkteur
Provinsiale
Biblioteekdiens
Wes-Kaap

Die Algemene Verkiesing van 27 April 1994 in ons land en die grondwetlike veranderinge daarna, het 'n direkte invloed op die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens gehad. Nie alleen het die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens soos ons dit oor die afgelope 39 jaar leer ken het, verdwyn nie, maar die 24 provinsiale streekbiblioteke met hul personeel, asook 560 openbare biblioteke, het hulle eensklaps in vier nuwe en verskillende provinsies bevind, naamlik 14 streekbiblioteke en 290 openbare biblioteke in die Wes-Kaap, vyf en 146 in die Oos-Kaap, vier en 117 in die Noord-Kaap en een en sewe in Noordwes.



Nuwe provinsies en nuwe name

Met die instelling van die Wetgewers in die onderskeie provinsies, die afwenteling van die biblioteekfunksie en die wetgewing (Biblioteek-ordnansie 16 van 1981) na die provinsies op 17 Junie 1994 en die indeling daarvan onder 'n portefeulje van óf Kultuur óf Onderwys, kon daar in alle erns begin word met die eerste stappe in die lang proses om eie provinsiale biblioteekdienste in die onderskeie nuwe provinsies tot stand te bring, asook om die hoofkantoorfunksie en -verantwoordelikhede van die voormalige Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens

onder die vier nuwe provinsies te verdeel. Die naam van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens het amptelik verdwyn en verander na die Provinsiale Biblioteekdiens van die Wes-Kaap, die Noord-Kaap, of die Oos-Kaap.

Die nuwe provinsies het amptelik op 1 Julie 1994 in werking getree en sedertdien het sake teen 'n spoed, wat voorheen ondenkbaar was, ontwikkel. Vergaderings en nogmaals vergaderings is gehou, onderhandelings en beraadslagings is gevoer, strategiese beplanningssessies is gehou en talle omsendbriewe elk met nuwe riglyne en sperdatums, was aan die orde van die dag. Of die Hoofkantoor ooit weer na 'normaal' sal terugkeer, moet nog eers gesien word.

Die eerste ingewikkelde stap was om die begroting van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, reeds meer as drie maande in die nuwe boekjaar, op die een of ander billike wyse te verdeel, sodat die nuwe provinsies elk hul regmatige aandeel daaruit kon verkry. Nie alleen moes die begroting terugwerkend verdeel word nie, maar die nuwe begroting vir die boekjaar wat op 1 April 1995 begin, moes op dieselfde wyse verdeel word. Diegene wat met begrotingsbeheer gemeed is, sal die omvang van hierdie taak besef waarmee die adjunktdirekteur en sy span vir baie dae en nagte moes swoeg.

Senior personeellede van die 'ou' Biblioteekdiens het vir die laaste keer in hierdie hoedanigheid as span gedurende Julie op Caledon byeengekom vir 'n indringende strategiese beplanningssessie, waartydens nuwe prioriteite bepaal en aksieplanne dienoreenkomsstig opgestel is. U kan meer hieroor op bladsy 22 in hierdie uitgawe lees. Afsonderlike sessies met die betrokke personeel is vir die Wes-, Oos- en Noord-Kaap gehou waartydens die unieke omstandighede en behoeftes van elke nuwe provinsie deeglik in aanmerking geneem is.

Onderhandelings

Die volgende fase kan as die onderhandelingsfase beskou word. Elke provinsie het verteenwoordigers per

funksie benoem om in werkgroepe te dien om namens die betrokke provinsie te onderhandel vir die oordrag van funksies en verantwoordelikhede en die verdeling van bates van die hoofkantoor van die Biblioteekdiens van die Wes-Kaap waarby 120 personeellede ingesluit is.

Vir die Oos-Kaap was Bhadi Ngendane van die Nasionale Biblioteek in Umtata en June Moshoeshe van die Nasionale Biblioteek in Bisho die onderhandelars, afgesien van verskeie ander rolspelers wat van tyd tot tyd deelgeneem het. Vir die Noord-Kaap was dit Dick Scholtz, hoofbibliotekaris van die Provinsiale Biblioteekdiens, asook Job Mgorosi van die Strategiese Bestuurspan van die Minister van Onderwys en Kultuur. In die Wes-Kaap het Frans van der Merwe, direkteur en André Steenkamp, adjunktdirekteur, die onderhandelings gevoer.

Sedert Augustus is daar bykans voltyds onderhandel en in hierdie proses is die nuwe provinsiale hoofstede van Bisho en Kimberley gesamentlik ses keer besoek, waartydens daar met strategiese bestuurspanne, die betrokke Minister, senior biblioteekpersoneel, asook ander rolspelers onderhandel is. Hierbenewens is ses trilaterale onderhandelingsessies tussen die werkgroepe vir Biblioteke van die drie provinsies in Kaapstad gevoer. Drie trilaterale bestuursvergaderings is ook in Kaapstad bygewoon waartydens die onderskeie werkgroepe aan die topbestuur van die betrokke provinsies oor vordering en uiteindelik 'n ooreenkoms, moes rapporteer.

Verdeling van die biblioteekdiens

'n Ooreenkoms oor verdeling was nie maklik nie. Daar was 'n wye verskeidenheid faktore wat in aanmerking geneem kon word by die bepaling van 'n norm om nie alleenlik die personeel te verdeel nie, maar ook die ander hoofkantoorbates, waaronder al die biblioteekmateriaal in die Sentrale Versamelings.

Altesaam 120 personeellede van die hoofkantoor van die Biblioteekdiens wat dienste oor nuwe provinsiale grense lewer en nie slegs binne een betrokke provinsie nie, is geïdentifiseer. 'n Verdeling van al hierdie poste tussen die vier nuwe provinsies moes dus ook geskied.

Die Biblioteekdiens se eerste uitgangspunt was om werklike gebruiksyfers en getalle in aanmerking te neem by die bepaling van 'n norm van verdeling.

Syfers ten opsigte van openbare biblioteke

	Wes-Kaap	Oos-Kaap	Noord-Kaap
Aantal biblioteke	52%	22,8%	24,6%
Ledetal	69,4%	18,4%	12,2%
Boeksirkulasie	69,1%	16,7%	14,2%
Nuwe boeke aangekoop	68,7%	18,7%	12,6%

Gebruiksyfers van die sentrale versamelings biblioteekmateriaal in Kaapstad oor die afgelope drie jaar

	Wes-Kaap	Oos-Kaap	Noord-Kaap
Boeke	86,1%	7,2%	6,7%
Kuns	90,4%	7,1%	2,5%
Musiek	90%	5%	5%
Video's	94%	3,7%	2,3%
Films	55,5%	24,6%	19,9%

Voordat 'n finale besluit oor 'n verdelingsnorm deur die werkgroep vir biblioteke egter geneem kon word, is 'n besluit tussen die drie provinsies op bestuursvlak geneem dat bevolkingstalle as eerste beginsel in aanmerking geneem moet word en dat ander moontlike faktore daarna as tweede onderhandelingsbeginsel toegepas kan word. Die volgende verdeling, gebaseer op bevolkingstalle van die ou Kaapland, wat dus die gebiede van Ciskei en Transkei uitsluit, is daarna deur die drie provinsies as basiese norm aanvaar:

Wes-Kaap	Oos-Kaap	Noord-Kaap	Noordwes-Kaap
56%	31%	12%	1%

Personeel in die hoofkantoor

Die hoofkantoorposte in Kaapstad is reeds aan die einde van November 1994 volgens bogemelde grondslag verdeel en die toepassing daarvan moet reeds op 1 April vanjaar afgehandel wees. Ingevolge die verdelingsnorm, moet alle kantoormeubels en ander toerusting wat aan poste gekoppel is, saam met die betrokke pos na die onderskeie provinsies gaan aan wie dit toegedeel is.

Saam met die personeel wat reeds met die instelling van die provinsies op 1 Julie 1994 in die onderskeie streekkantore werksaam was, asook die hoofkantoorpersoneel wat tussen die provinsies verdeel is, sal die verdeling van die 273 poste van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, op 1 April vanjaar, soos volg daar uitsien:

Wes-Kaap	Oos-Kaap	Noord-Kaap	Noordwes-Kaap
153	77	38	5

Biblioteekmateriaal in die sentrale versamelings

Die voorraad in die sentrale versamelings in Kaapstad, wat uit 54 000 gespesialiseerde boeke en bykans 43 000 items oudiovisuele materiaal bestaan, sal finaal in Februarie vanjaar verdeel en gedurende Maart aan die drie provinsies versend word. 'n Huidige probleem in die ander provinsies is egter dat 'n hoofkantoor in Kimberley nog nie gereed is nie, terwyl Oos-Kaap nog moet besluit oor waar om 'n hoofkantoor te vestig.

Daar sal van die kant van die Wes-Kaap gepoog word om gebruiksyfer, sowel as werklike behoefte wél as faktor in aanmerking te neem, aangesien die Wes-Kaap se aandeel volgens gebruik, gemeet oor die afgelope drie jaar, ongeveer 88% van die totale gebruiksyfer uitmaak en 'n behoud van slegs 56% van

'n Ooreenkoms
oor verdeling
was nie
maklik nie

Dit is werklik jammer dat skaars bronne verdeel word in 'n tydvak waar biblioteke liewer aangemoedig moet word om saam te werk

hierdie versamelings dus as onbillik beskou word. Indien finale besluite oor verdelings egter by die Werkgroep vir Biblioteke gelaat sal word, sal 'n billike verdeling van die voorraad wat nie slegs op bevolkingsyfers gebaseer word nie, waarskynlik moontlik wees. Dit is werklik jammer dat skaars bronne verdeel word in 'n tydvak waar biblioteke liewer aangemoedig moet word om saam te werk om bronne te deel - wat met moderne tegnologie soos die PALS-gerekenariseerde stelsel, wél moontlik is.

Graag word openbare biblioteke in die Wes-Kaap egter nou reeds daarop gewys dat met 'n verlies van 'n groot gedeelte van die sentrale versamelings, dit noodwendig tyd en fondse sal neem om dit weer op te bou en dat die inligtingsdiens waaraan u in die verlede gewoon was, dus drasties ingekort sal word. Ons vra reeds by voorbaat verskoning vir hierdie onvermydelike probleem, wat hopelik tydelik van aard sal wees.

Agentskapsdienste

Aangesien die nuwe provinsies waarskynlik nie op 1 April vanjaar oor die nodige infrastruktuur sal beskik om alle biblioteekfunksies ten volle te kan vervul nie, sal die Provinsiale Biblioteekdiens van die Wes-Kaap sommige funksies, soos die aankoop, vakkundige versorging en prosessering van biblioteekmateriaal, asook die verskaffing van vakkundige publikasies waaronder die **Kaapse Biblioteekaris** en ander reklamemateriaal, waarskynlik op versoek vir die afseerbare toekoms op 'n agentskapsbasis aan die Oos- en Noord-Kaap lewer. Die PALS-gerekenariseerde biblioteekstelsel sal waarskynlik op 'n langtermyn agentskapsbasis gesked.

Ander biblioteekfunksies soos inligting en navorsing en administratiewe hulpdienste, sal egter reeds op 1 April volledig deur elke Provinsiale Biblioteekdiens verrig word.

Wes-Kaap

Biblioteke as kultuurfunksie

Die Provinsiale Biblioteekdiens is onder die kultuurfunksie ingedeel, saam met museums, sport en ontspanning. Aangesien die kultuurfunksie 'n betreklik klein komponent uitmaak, sal dit waarskynlik nie 'n selfstandige departement kan vorm nie en sal dit dus langs 'n ander groter departement, onder een minister moet funksioneer. Op 1 Desember 1994 was kultuursake saam met onderwys ingedeel onder Martha Olckers, Minister van Onderwys en Kultuur.

Die Wes-Kaapse Kuns- en Kultuurtaakgroep (WESTAG):

Die Wes-Kaapse Minister van Onderwys en Kultuur het besluit om, in ooreenstemming met die bepalings van die grondwet, 'n eie kuns- en kultuurbeleid vir die provinsie saam te bepaal met, onder andere, die volgende doelstellings:

- Om 'n demokratiese, verdraagsame en multi-kulturele samelewing te bevorder en te ontwikkel
- Om kuns en kultuur vir almal toeganklik te maak
- Om ongelykdhede van die verlede aan te spreek en regstellende stappe in hierdie verband te neem; en
- Om die toekenning van kuns- en kultuurhulpbronne dringend te ondersoek.

Die Minister het onlangs 'n Taakgroep vir Kuns en Kultuur saamgestel om haar van advies in hierdie verband te voorsien en uit die taakgroep is 'n Werkgroep vir Biblioteke gestig waarop mnr PJ Loubser, voorsitter van die Provinsiale Biblioteekadviesraad, dien. Hierdie werkgroep se eerste taak is om na die missie, doelstellings en funksies van openbare biblioteke te kyk in die bepaling van 'n algemene kultuurbeleid vir die Wes-Kaap.

Daar is met belangstelling kennis geneem van ontwikkelings op die biblioteekterrein, elders in die land, waaronder die *Centre for Education Policy (CEPD)*-dokument en later ook die *Community Library Information Service (COLIS)*-dokument. Aangesien provinsies in die nuwe grondwetlike bedeling 'n primêre taak ten opsigte van kultuur het, sal die biblioteekbeleid in die Wes-Kaap volgens die eie en unieke behoeftes van die inwoners self bepaal en finansieel ondersteun word. Hierdie bedeling sal ook finansieel die mees voordelig vir openbare biblioteke wees en dit is juis waarom WESTAG in die lewe geroep is. Alhoewel die Wes-Kaap sy eie plaaslike openbare biblioteekbeleid bepaal, word die noodsaaklikheid van 'n breë en oorkoepelende nasionale biblioteek- en inligtingsbeleid vir die land egter ondersteun.

'n Nuwe diensstaat

Die verdeling van die hoofkantorposte bring mee dat die Provinsiale Biblioteekdiens van die Wes-Kaap nie met die oorblewende poste en dus verminderde personeelgetalle, in staat sal wees om bestaande funksies aan openbare biblioteke binne die provinsie, in ooreenstemming met die beginsels soos uiteengesit in biblioteekwetgewing, te kan nakom nie. 'n Dringende ondersoek deur Bestuursadviesdienste sal dus binnekort moet plaasvind om personeelgetalle weer aan te vul ten einde die Biblioteekdiens in staat te stel om basiese dienste soos in die verlede te kan voortsit.

Oos- en Noord-Kaap

Die instelling van volwaardige provinsiale biblioteekdienste vir die nuwe provinsies in die Oos- en Noord-Kaap geniet die hoogste prioriteit. Die Provinsiale Biblioteekdiens van die Wes-Kaap verleen volle ondersteuning in die skepping van die nodige infrastruktuur, leidinggewing, asook die fisiese opleiding van sleutelpersoneel om alle funksies so spoedig moontlik ten volle te desentraliseer.

Oos-Kaap

Alhoewel die Oos-Kaap oor die nodige arbeidskragte, 'n goeie infrastruktuur, asook oor leweransiers van biblioteekmateriaal beskik, is dit 'n ingewikkelde proses wat moet plaasvind om die verskillende rolspelers, waaronder die voormalige Provinsiale Biblioteekdiens, die Nasionale Biblioteekdienste van Transkei en Ciskei, asook die twee onafhanklike Stadsbiblioteekdienste van Oos-Londen en Port Elizabeth onder een beleid in 'n toekomstige Provinsiale Biblioteekdiens van die Oos-Kaap, saam te snoer. Hierdie proses is reeds aan die gang.

'n Belangrike besluit wat eersdaags geneem sal moet word, is om te bepaal waar die hoofkwartier van

die Provinsiale Biblioteekdiens gesetel sal wees - Bisho en Grahamstad is moontlikhede.

Noord-Kaap

Alhoewel die Noord-Kaap oor 'n goed-ontwikkelde streekorganisasie beskik, maar oor bykans geen infrastruktuur vir 'n Sentrale Organisasie nie, is die skepping van 'n nuwe diens waarskynlik makliker as in die Oos-Kaap juis omdat dit van nuuts af en met slegs een rolspeler geskied. Die kantoor van die hoofbibliotekaris in Kimberley het onlangs na groter akkommodasie verhuis in voorbereiding op die aanvaarding van bykomende funksies na 1 April vanjaar. Die skepping van 'n nuwe diensstaat is reeds aan die gang en aanstellings sal binnekort gedoen kan word.

Die toekoms?

Die toekoms van provinsiale biblioteekdienste is moeilik voorspelbaar. Daar is soveel faktore wat dit kan beïnvloed - die eie beleid van elke provinsiale regering, asook die komende veranderinge op plaaslike owerheidsvlak, om maar net 'n paar te noem. Dat 'n instelling soos die provinsiale biblioteekdiens nie alleen wenslik nie, maar ook noodsaaklik is om dienste in groot maat op 'n ekonomiese wyse aan plaaslike biblioteke te lewer, is onbetwisbaar waar. Die duidelike sukses van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, asook van die provinsiale biblioteekdienste in die ander provinsies om openbare biblioteekdienste van hoogstaande gehalte aan soveel gemeenskappe te vestig en uit te bou, getuig van die voordele van hierdie stelsel. Die PALS-gerekenariseerde biblioteekinligtingstelsel maak die volle demokratisering op die openbare biblioteekterrein, ook ten opsigte van insette van die unieke behoeftes van die deelnemende biblioteke, nou ten volle moontlik en speel afstand en dus professionele isolasie, soos in die verlede, geen negatiewe rol meer nie.

Ander terreine waarna daar na alle waarskynlikheid in die toekoms gekyk sal word, is nouer samewerking en die uitkakeling van duplisering van dienste tussen die Provinsiale Biblioteekdiens en die Stadsbiblioteekdiens van Kaapstad, asook beter samewerking tussen openbare- en skoolbiblioteke. Fasiliteite en skaars hulpbronne sal dus beter benut moet word, veral in die platteland waar daar dikwels duplisering plaasvind.

Die moontlikheid kan ook ondersoek word om leenregte van individuele gebruikers tussen biblioteke van verskillende owerheidsgebiede binne die Wes-Kaap toe te laat, asook om na bestaande knelpunte te kyk soos verliese van biblioteekmateriaal.

Op die gebied van interprovinsiale samewerking bestaan daar reeds 'n Komitee van Biblioteekhoofde wat een keer per jaar vergader. Daar is egter reeds besluit om 'n spesiale komitee in die lewe te roep om samewerking te bevorder tussen die provinsiale biblioteekdienste van die Wes-, Oos- en Noord-Kaap en hierdie komitee sal waarskynlik op 'n meer gereelde grondslag as slegs een keer per jaar vergader.

Ten spyte van die skynbaar rooskleurige prentjie oor openbare biblioteke in die Wes-Kaap, veral wat die relatief hoë gebruiksyfer van bykans 27% van die inwoners betref wat lede van openbare biblioteke is, wag daar desnieteenstaande groot uitdagings op alle

S U M M A R Y

The General Election which took place on 27 April 1994 directly influenced the Library Service in that the 24 provincial regional libraries together with their staff, as well as 560 libraries found themselves in four new and different provinces. In the Western Cape there are now 14 regional and 290 public libraries, in the Eastern Cape five and 146, in the Northern Cape four and 117 and in North West one and seven.

The new provinces were officially operational from 1 July 1994 and one of the major tasks have been the fair and equitable distribution of the budget. The negotiators for the Eastern Cape were Bhadi Ngendane and June Moshoesheo and for the Northern Cape were Dick Scholtz and Job Mgorosi.

All personnel and head office assets had to be divided including material in the central collections. The norm for division was based on population figures as for the old Cape Province which excluded the Ciskei and Transkei.

It is unlikely that the new provinces will have the infrastructure to fulfill all the necessary library functions with effect from 1 April 1995. The Provincial Library Service, Western Cape, will therefore provide certain services such as acquisitions and processing and of library material as well as the production of certain publications on an agency basis for the foreseeable future.

rolspelers op hierdie terrein. Laat ons dus in die gees van die beleid van heropbou en ontwikkeling aan die werk spring en die Wes-Kaap waarlik 'n provinsie van lesers, van inligting vir almal, maar veral 'n provinsie maak waarin daar biblioteke vir almal voorsien sal word.



(clockwise from left) Frans van der Merwe, (direkteur), Zirké Ellis (assistentdirekteur, studeerdiens), Bhadi Ngendani (vertegenwoordiger van die Oos-Kaap), Job Mgorosi (adviseur, strategiese beplanning, Noord-Kaap) en Dick Scholtz (hoofbibliotekaris, Provinsiale Biblioteekdiens) tydens die onderhandelings

Reconstruction Development and libraries

feature

André Steenkamp
Deputy Director
Provincial Library
Service
Western Cape

What is the RDP?

It is an integrated coherent socio-economic policy framework that seeks to mobilise everybody and all resources towards the final eradication of apartheid and the building of a democratic, non-racial, non-sexist South Africa. This policy was drawn up by the African National Congress in consultation with other key mass organisations and research organisations. The Reconstruction and Development programme (RDP) was developed in reaction to the effects of segregation in the fields of education, health, welfare, transport and employment. This left deep scars of inequality and economic inefficiency that can be reversed only through a comprehensive approach to harnessing the resources of our country. The first step was taken by means of the election of 27 April last year, but the priority now is to attack poverty and deprivation and thereby supply tangible prospects for a better life.

Basic principles

The RDP is built around the principles that it is to be a sustainable programme empowering the people through active involvement and will ensure peace and safety for all. By joining reconstruction and development growth and not just redistribution will be created. Democratisation must transform both state and civil society to prevent minority government and prejudice in future.

Key programmes of RDP

• Satisfying of basic needs

To eradicate poverty by increasing the standard of living will give people the opportunity to develop to full potential. This can be achieved through job creation, land reform and the supply of basic facilities like communications, transport, health and social welfare.

• Development of human resources

To address the problem of fragmentation and unequal education caused by lack of democratic control in education and training. Education and training is

seen in the broader perspective of all areas of society. Art and culture are seen as crucial components of developing human resources. This programme is most important as it underpins our capacity to democratise our society, allowing people to participate on the basis of knowledge, skill and creativity.

The economy

The following areas are dealt with:

- Integrate reconstruction and development
- Commerce and trade
- Resource-based industries
- Upgrading of infrastructure
- Reform the financial structure
- Labour and workers' rights
- Southern Africa regional policy.

Democratisation of the state and society

Democratisation is integral to the RDP. Without that the resources and potential of our country and people will not be made available. All aspects of civil and social life will be investigated to pave the way for a new democratic order.

Implementation of RDP

For the effective implementation of the RDP, it will be necessary to investigate excessive departmentalisation, re-evaluate all departments and the interaction between levels of government. To finance the RDP, the government will have to look at:

- better utilisation of present resources
- reconstruct government expenditure
- transparency in budgeting
- revise tax structure
- participation by the private sector.(1)

Process of implementation

The Minister without Portfolio, Minister Jay Naidoo,

is directly responsible for the implementation of the RDP. A Special Cabinet Committee, to be chaired by himself or Deputy President Thabo Mbeki, has been established.

The white paper

A white paper on the RDP, published in November 1994, attempts to codify government policy on the RDP. It provides the overall policy framework within which government will operate to achieve the goals of the RDP. It also sets out a clear implementation strategy and is a public statement which can guide both local and international opinion. The Cabinet has allocated a dedicated fund called the RDP Fund, in order to:

- kick-start projects which will lead to sustainable development programmes
- leverage the turning around of the activities, programmes and budgets of government departments.(2)

The role of the library and information services

Through the existing system of provision of library material, professional guidance and basic facilities, the Provincial Library Service believes that it can materially contribute to the programme through the improvement of the quality of life of all residents. It targets the basic need of information and supports education and training that will assist the people to develop towards their full potential. The Provincial Library Service, Western Cape (PLS:WC) is therefore committed to the RDP and will redirect its policies and patterns of expenditure to further the key aims of this programme.

This will have its greatest effect on:

- addressing basic needs through the supply of community directed information systems
- development of human resources through making available supplementary educational material for adults, students and children
- education and training is also supported through Adult Basic Education (ABE) and literacy programmes
- arts and culture will be developed by the promotion of a culture of reading and learning
- democratisation of the state and society can only succeed if society is empowered by the effective distribution of meaningful information. The public library is a central institution in all communities and the staff are trained in the efficient coordination on information.

Contribution to RDP by the provincial library

As identified above, the public library directly targets those services as have been identified in the RDP White Paper. The PLS:WC has for several years already redirected its services to also supply in the need

of students, literacy, provision of information and through capital funding and to assist those communities that do not have adequate library buildings. Several projects can be identified that will in both the short and long term contribute towards the aims of the RDP:

- Supply of supplementary educational material

This project has as its aim the provision of library material that can be used by scholars and students who do not have ready access to supplementary material. This will include, to a limited extent, actual textbooks, but it is not the purpose of the project to supply such material on any large scale. Libraries are designed to cater for study facilities and an environment conducive to study is created. There are already 28 such collections in existing public libraries. Any one collection will consist of approximately 500 books with a total value of R40 000. An amount of R500 000 is budgeted annually for new collections and to maintain existing collections. The material is housed in public libraries and controlled by the professional staff.



- Improve penetration and extend use of printed material

The purpose of the project is to make library material such as periodicals and books that are no longer used in the libraries available to pre-primary schools, crèches or any other educational institutions. Such material will not be part of formal stock and can be used by these institutions in any way they see fit. The advantage of the project would be that printed material will become available to a much wider audience and will promote a culture of reading and learning. The material will be collected from its present locations by the staff of the library service and made available at our offices in the larger towns and cities.

- Literacy projects

The Library Service has made funds available to finance pilot projects at public libraries and to assist and guide them in the running of such projects. The staff of the libraries participating in the projects are expected to use the literacy material available in the library for the project and to indicate what other resources are needed. The classes are usually run after hours in the library hall. An amount of R5 000 is made

By joining reconstruction and development growth and not just redistribution will be created



available per project for training and stationery. At present two projects are running at Plettenberg Bay and Ocean View (Kommetjie), while discussions are under way for assistance with a similar project in Porterville.

– Library service to farm communities

The Provincial Library Service makes available library material and professional help to enable the Rural Foundation and local farm communities to render a public library service on a local level. On all farms the communities, together with the developmental agency, are directly involved and always consult the community in all such matters. The staff of the Provincial Library Service, Rural Foundation and farm communities are also all directly involved in this project. All training is done by the staff of the Provincial Library Service.

– Establish a public library in Khayelitsha


As an example of the assistance in the creation of adequate library facilities in developing communities, the Provincial Library Service is currently subsidising the local authority in Khayelitsha to an amount of R1 720 000 to erect a standard public library building in Khayelitsha as one of an eventual network of six libraries. The Provincial Library Service also undertakes to make all necessary library material available on an ongoing basis and to give advice and guidance to the library staff in the running of the local library service.

The staffing would consist of one librarian, two library assistants and one cleaner. It is difficult to estimate the number of people who would be involved in the actual building and fitting out of the library.

– On-line community information database

The Provincial Library Service is using a sophisticated computerised information system as a database of its total stock of library material. The same system is available to any other public library, 18 of which are already on-line users. The system will allow the creation of a separate database of specialised information that is community orientated and will empower people by access to meaningful information. This facility can also be expanded to any other library by the simple means of a terminal and it will form a network to which everybody has equal access. It is planned that computer equipment (PC's) of government departments and the private sector which is still in good condition, but has been replaced by more modern versions, be reallocated for use by libraries that cannot afford the cost of computerising their whole operation. These computers will be used solely as terminals. The cost of the increased database size would be absorbed by the Provincial Library Service and any participant would only be liable for the variable cost of actual usage. This is at present R0,04 per inquiry. The terminals will be donated to libraries, but they will be responsible for maintenance and repairs. Both urban and metropolitan areas will benefit from this project.

... the Provincial Library Service believes that it can materially contribute through the improvement of the quality of life of all residents



OP SOMMING

Die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) is 'n sosio-ekonomiese beleidsraamwerk wat almal en alle hulpbronne wil mobiliseer sodat apartheid finaal uitgewis kan word en 'n nuwe demokratiese, nie-rassige, nie-seksistiese Suid-Afrika opgebou word.

Seutelprogramme van die HOP sluit in die bevrediging van basiese behoeftes wat die verbetering van lewenstandaarde ten doel het, asook die ontwikkeling van menslike hulpbronne. Die Minister sonder Portefeulje, Minister Jay Naidoo, is verantwoordelik vir die implementering daarvan. In November 1994 is die beleidsraamwerk waarbinne die regering sal optree om die doelstellings van die HOP te bereik in 'n witskrif vervat.

Die Provinsiale Biblioteekdiens glo dat daar bygedra kan word tot die program deur die verbetering van die lewenskwaliteit van alle inwoners. Die basiese behoefte aan inligting sal bevredig word en opvoeding en opleiding wat mense sal help om tot hulle volle potensiaal te ontwikkel, word gesteun.

Die Biblioteekdiens wil bydra tot die HOP deur aanvullende opvoedkundige materiaal aan openbare biblioteke te voorsien, die gebruik van gedrukte materiaal te bevorder deur boeke wat biblioteke nie meer gebruik nie as informele versamelings aan skole en ander opvoedkundige instansies te voorsien, geleesprojekte te finansier en leiding met die aanbieding daarvan te gee. Biblioteekdienste aan plaaswerkers sal gevestig word sodat die Landelike Stigting dit kan bedryf. 'n Openbare biblioteek vir Khayelitsha sal gebou word en onderhandelinge met die plaaslike owerheid is tans aan die gang. Uiteindelik word 'n netwerk van ses biblioteke in die vooruitsig gestel. 'n Intydse gemeenskapsinligting-databasis word ook beplan.

Bibliography

1. ANC The reconstruction and development programme: a policy framework. African National Congress, Johannesburg, 1994.
2. White Paper on reconstruction and development/Parliament of the Republic of SA - Cape Town, 1994. In: Government Gazette, no 16085 (23 November 1993).

SPOTLIGHT ON SN

New beginnings


Dalena le Roux, Librarian Central Reference

The constitutional transformation process in South Africa is fast moving towards a fully democratic dispensation. The implementation of the new constitution puts the issues of governing on national, provincial and local levels at the centre of the stage. This will place an extraordinarily high responsibility on those public and civil servants who have to carry out the high ideals and planning of the politicians.

To help those servants with their gargantuan task the staff of the Central Reference Library have identified some reading matter which will support the processes of transformation at all levels of government.

RDP

Concerning the Reconstruction and Development programme (RDP), the white paper, published in Government Gazette no.16085 on 23 November 1994, is also available from the Government Printer. The policy framework



New constitution


The new constitution (Act no 200 of 1993) was published in Government Gazette no. 15466 on 28 January 1994. Copies are available from the Government Printer who can be contacted at telephone (021) 45 7531 or fax (021) 461 4404.

Other titles on the constitution:

- Amato, R Understanding the new constitution. (342.68 AMA)
- Fundamental rights in the new constitution. (342.68 FUN)

Ready reference

A very nice to-have in every civil and local government servant's office is the New Map of South Africa, which, together with an up-to-date map also contains photographs of the president and deputy presidents as well as the premiers of the nine provinces. This is in stock at 912.68 NEW in the form of a wall chart.



One hundred and forty seven copies of the new map of South Africa (above) were bought and distributed to the regions on the basis of the Afrikaans fiction allocation. Regions are welcome to re-allocate their supplies internally. Enquiries should be directed to Liesel de Villiers, Assistant Director, Central Organisation.

on the RDP, published by the ANC and generally used as a discussion document, is available in SN as **The reconstruction and development programme: a policy framework** (338.968 AFR).

- Information facilitating planning
- Development Bank of Southern Africa **South Africa's nine provinces: a human development profile** (Q 312.0968 DEV)
- **Statistical guide to the new Western Province: a Development Action Group resource document.** (R 316.87 STA)
- **South Africa's demographic future.** (312.0968 SOU)


Books on topics that may be of interest to your patrons but might not be in your library collection are featured in this column. Librarians may contact the Central Reference Department for information at (021) 410-2249 or 410-2258 or send a special request to Central Collection, Provincial Library Service, PO Box 2108, Cape Town, 8000. Please take note that some of the books featured in the article might not be available after the division of the collection among the three Cape Provinces in March.

Public libraries update

feature

Stefan Wehmeyer
Chief Librarian
Information

The new South Africa with its nine provinces necessitates a new comparison between public library services. This article, consisting mainly of tables, will attempt to highlight trends pertaining to public libraries in South Africa, with specific reference to the Western Cape.



1. Northern Transvaal
2. Northwest
3. Gauteng
4. Eastern Transvaal
5. Free State
6. Kwazulu / Natal
7. Northern Cape
8. Eastern Cape
9. Western Cape

Comparative library statistics: Republic of South Africa

PROVINCE	INHABITANTS	LIBRARIES	INHABITANTS PER LIBRARY	CIRCULATION	CIRCULATION PER INHABITANT	MEMBERSHIP	MEM. AS % OF POPULATION
WESTERN CAPE	3 665 523	290	12 640	19 601 422	5,3	941 388	25,7
EASTERN CAPE	6 620 018	146	45 343	6 556 678	1,0	339 042	5,1
NORTHERN CAPE	773 250	117	6 609	3 020 350	3,9	115 243	14,9
KWAZULU/NATAL	8 549 000	237	36 072	12 252 445	1,4	716 981	8,4
ORANGE FREE STATE	2 804 600	148	18 950	5 164 835	1,8	310 124	11,1
GAUTENG	6 847 000	263	26 034	19 751 271	2,9	846 887	12,4
NORTHERN TRANSSVAAL	5 120 600	93	55 060	1 696 253	0,3	59 989	1,2
EASTERN TRANSSVAAL	2 838 500	132	21 504	2 945 291	1,0	121 966	4,3
NORTH-WEST	3 506 800	86	40 777	2 992 421	0,9	112 166	3,2
TOTAL	40 725 291	1 512	26 935	73 980 966	1,8	3 563 786	8,8

* Libraries include depots but exclude other service points like old age homes * Latest available statistics
* Inhabitants (SAIRR, Fast facts, July 1994)

It is clear from this comparison that the Western Cape Province inherited the best developed infrastructure of public libraries with almost 26 percent of the inhabitants being members of a public library. In the following two tables the situation in the old Cape Province and the three new provinces is compared. The inclusion of the Ciskei and the Transkei which had only eight libraries serving a population of more than four million people highlights the enormous backlog in that new province. Nationally the old Eastern Cape compared fairly well with the rest of South Africa.

Comparative library statistics: Old Cape Province

	WESTERN CAPE	EASTERN CAPE	NORTHERN CAPE	TOTAL
Inhabitants	3 665 523	2 000 366	773 250	6 439 139
Libraries	290	138	117	545
Inhabitants per library	12 640	14 495	6 609	11 815
Circulation	19 601 422	6 556 678	3 020 350	29 178 450
Circulation per inhabitant	5,3	3,3	3,9	4,5
Membership	941 388	339 042	115 243	1 395 673
Membership as a % of population	25,7	16,9	14,9	21,7
Circulation per membership	20,8	19,3	26,2	20,9

Comparative library statistics: New Cape Province

	WESTERN CAPE	EASTERN CAPE	NORTHERN CAPE	TOTAL
Inhabitants	3 665 523	6 620 018	773 250	6 439 139
Libraries	290	146	117	545
Inhabitants per library	12 640	45 343	6 609	11 815
Circulation	19 601 422	6 556 678	3 020 350	29 178 450
Circulation per inhabitant	5,3	1,0	3,9	4,5
Membership	941 388	339 042	115 243	1 395 673
Membership as a % of population	25,7	5,1	14,9	21,7
Circulation per membership	20,8	19,3	26,2	20,9


* Libraries include depots but exclude other service points like old age homes
* Eastern Cape excludes Transkei and Ciskei

* Latest available statistics
* Inhabitants (SAIRR, Fast facts, July 1994)

The table below takes a more in-depth look at the Western Cape Province. The grouping of the libraries (depots are excluded from this comparison) follows the pattern of development areas as identified by the Development Action Group.

Although the highest membership of public libraries are found in the Cape Metropolitan area, the total population per available square metre floor area is the highest, thus indicating a need for more libraries. This situation will change to about 42 people per square metre after the completion of current projects in Valhalla Park, Nyanga, Khayelitsha and Gugulethu.

Rural areas tend to have a lower membership, indicating a lower use of public libraries. Although available floor areas are more than in the urban areas, these



1. Cape Metropolitan Area
2. Boland
3. West Coast
4. Overberg
5. Southern Cape
6. Little Karoo
7. Karoo
8. Olifants River Valley

public libraries are inaccessible for a huge number of inhabitants due to distance and lack of transport. This indicates the need for the expansion of services to smaller communities.

As part of its on-going action plans the Provincial Library Service of the Western Cape has decided to take the following steps in 1995 in order to increase access to public library facilities in the Western Cape:

- A special research project is to be undertaken to identify the needs for public library facilities with special reference to the Cape Metropole Area
- Preference is to be given to provide services to informal settlement areas by converting containers and the use of library buses for special projects
- Any accommodation will be considered as a temporary facility in the less developed areas
- The service to the rural areas will, in conjunction with service organisations, be targeted for the establishing of permanent library services.

The establishment of new public library services in communities which do not yet have such facilities is regarded as a high priority. There is a five year programme to expand services as quickly as possible to all communities, from the largest to the smallest, including those in the remotest rural areas.

Sources of Information

Centre for Policy Information, Development Bank of South Africa, 1994.
Development Action Group. Western Cape Province: Statistics, 1994.
Provincial Library Services of the Western Cape. Research Unit, 1994.
South African Institute for Race Relations. Fast Facts, 1994.

Western Cape: Population, libraries per development area

DEVELOPMENT AREA	POPULATION	LIBRARIES	MEMBERSHIP	TOTAL POP./ LIBRARIES	MEM/TOT POP %	FLOOR AREA m	TOTAL POP./ FLOOR AREA
BOLAND	261 226	20	44 904	13 061	17,2	6 931	38
CAPE METRO	2 520 601	84	695 309	30 007	27,6	58 011	43
KAROO	55 802	6	10 073	9 300	18,1	1 562	36
LITTLE KAROO	103 926	11	21 370	9 448	20,6	3 518	30
OLIFANTS RIVER	74 990	14	11 579	5 356	15,4	2 332	32
OVERBERG	179 543	25	43 021	7 182	24,0	5 185	35
SOUTHERN CAPE	246 904	19	62 979	12 995	25,5	6 248	40
WEST COAST	222 531	29	52 153	7 673	23,4	7 292	31
TOTAL	3 665 523	208	941 388	17 623	25,7	91 079	40

Wes-Kaapland

'n statistiese profiel van die gebied en sy mense

artikel

Johan Swiegelaar

Assistentdirekteur
Streekorganisasie
Wes-Kaap

Namate daar gevorder word met die praktiese implementering van 'n nuwe staatkundige bedeling in Suid-Afrika, word die nege nuwe provinsies 'n al hoe skerper realiteit. Dit is sekerlik ook wenslik dat daar gekyk word na die profiel van hierdie gebied waarbinne ons 'n diens lewer.

Area en bevolking

'n Vinnige blik op die fisiese kenmerke van die nuwe Wes-Kaapland dui op 'n provinsie wat 129 386 vierkante kilometer beslaan - so groot soos die Vrystaat - en 'n bevolking van 3,62 miljoen mense huisves. Die binnelandse grens van die provinsie word vanuit die noordweste tot suidooste gevorm deur die grense van die landdrostdistrikte van Vanrhynsdorp, Clanwilliam, Ceres, Laingsburg, Beaufort-Wes, Murraysburg, Prince Albert, Uniondale en Knysna terwyl die provinsie in die weste en suide deur die Atlantiese en Indiese Oseaan onderskeidelik begrens word. In 'n dokument, *A statistical guide to the new Western Cape Province*, hou die Development Action Group die moontlikheid voor dat die provinsie ook in agt substreke verdeel kan word, naamlik die Olifantsriviervallei, Weskus, Kaapse Metropolitaanse Gebied (KMG), Boland, Overberg, Suid-Kaap, Klein-Karoo en Karoo (p 2).

Wes-Kaapland het 'n lae bevolkingsdigtheid van 28 persone per vierkante kilometer. Slegs Noord-Kaapland, met 'n uitsonderlike lae syfer van 2,1 en die Vrystaat met 21,7 persone per vierkante kilometer het laer bevolkingsdigthede. Indien daar egter op gelet word dat 68,8 persent van die Wes-Kaaplandse bevolking woonagtig is in die relatief klein gebied van die KMG, is dit duidelik dat die grootste deel van Wes-Kaapland in werklikheid baie yl bevolk is. Die enigste ander areas wat naas die KMG 'n redelike bevolking dra, is die Weskus, Boland, Overberg en Suid-Kaap substreke waar 24,8 persent van die bevolking woon. Die Karoo, Klein-Karoo en Olifantsriviervallei substreke huisves slegs 6,4 persent van die bevolking.

Demografiese profiel

Die tale wat hoofsaaklik in Wes-Kaapland gepraat word, is Afrikaans 63 persent, Engels 20 persent en Xhosa 16 persent.

Indien daar na taalgebruik gekyk word, word gevind dat bykans alle landdrostdistrikte in Wes-

Kaapland oorwegend Afrikaanssprekend is. Die enigste uitsonderings is die Kaapstadse stadsgebied sowel as die suidelike en noordelike voorstedelike gebiede van die Kaapse Skiereiland wat oorwegend Engelsprekend is, terwyl 'n groot deel van die Wynberg-landdrostdistrik sterk Xhosa-sprekend is.

Wat betref die geslags- en ouderdomstruktuur van die bevolking kan die provinsie weereens uitsonder word. Die verhouding vroue tot mans is bykans 50:50. Dit is die naaste aan gelyke verteenwoordiging van al die provinsies. In *A statistical guide to the new Western Cape Province* word voorts daarop gewys dat daar in sommige substreke wel groot verskille is in die getal mans en vroue. Dit is hoofsaaklik toe te skryf aan die ou stelsel van instromingsbeheer en die voorkeur arbeidsbeleid wat in die verlede in Wes-Kaapland gegeld en aanleiding gegee het tot mans - hoofsaaklik vanuit Oos-Kaapland - wat as migrasiewerkers in enkelgeslag-hostelle gehuisves is (p 4).

Naas Gauteng is Wes-Kaapland die provinsie met die grootste getal volwassenes in verhouding tot die totale bevolking. Kinders onder die ouderdom van 15 jaar verteenwoordig slegs ongeveer 29 persent van die bevolking. Die lewensverwagtingssyfer van 64,8 jaar is ook die tweede hoogste naas die van Gauteng wat 65,6 jaar is.

Die Verenigde Nasies Ontwikkelingsprogram gebruik lewensverwagting van mense, volwasse geletterdheid, inkomste asook jare skoolopleiding as faktore in 'n bepaalde formule om die vlak van menslike ontwikkeling van 'n land in terme van 'n indeks-syfer *Human Development Index (HDI)* uit te druk. Hierdie indeks-syfer dui dan die vlak van menslike ontwikkeling op 'n skaal van nul tot een aan. Wes-Kaapland beskik oor 'n *HDI* van 0,76 wat die hoogste vir Suid-Afrika is. Dit plaas die provinsie in dieselfde kategorie as lande soos Brasilië en die Verenigde Arabiese Emirate.

Tog is dit ook so dat daar ernstige verskille is in die ontwikkelingsvlak van die onderskeie komponente van die Wes-Kaaplandse bevolking. So byvoorbeeld vergelyk die *HDI* van die bevoorregte komponent van die bevolking gunstig met die van die vyf mees ontwikkelde lande ter wêreld, terwyl die agtergeblewenes in die landelike gebiede 'n *HDI* reflekteer wat vergelykbaar is met die laagste in die wêreld.

Wes-Kaapland (95 persent) is saam met Gauteng (100 persent) die gebiede met die mees funksioneel

verstedelike bevolkings in Suid-Afrika. Hierdie verstedelingsyfer beklemtoon egter ook die feit dat 'n relatief klein persentasie van die bevolking woonagtig is in die afgeleë plattelandse gebiede.

Geletterdheid en opvoeding

Om 'n persoon se vermoë om noodsaaklike keuses in sy of haar lewe ewewigig en voordelig te maak en uit te brei, is opvoeding noodsaaklik. Vir opvoeding - hetsy formeel, nie-formeel of informeel - is geletterdheid 'n sleutelvereiste. Indien persone bo 13 jaar en wat standerd vyf voltooi het, as maatstaf vir geletterdheid geneem word, is die geletterdheidsyfer vir Wes-Kaapland bykans 72 persent. Dit is die hoogste syfer in Suid-Afrika en word gevolg deur die PWV met 69 persent.

